Nederduitse Gereformeerde Kerk Vrystaat

# Berg-en-Dal

21 Mei 2025

Geagte broers en susters,

(ook aan die Ring van Bloemfontein-Noord en die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat en Algemene Sinode)

**Klagtes van leerdwaling teen ds. Jan Lubbe:**

Die Kerkraad van die NG Kerk Berg-en-Dal was sedert November 2024 bewus van 'n klag van leerdwaling wat deur prof. Johan Janse van Rensburg teen ds. Jan Lubbe by die Ring van Bloemfontein-Noord aanhangig gemaak is. Dit het gespruit uit sekere opmerkings van ds. Lubbe in 'n deel van 'n radio-onderhoud op RSG op 23 Julie 2024. Ná 'n eerste ondersoek deur 'n kommissie van die Ring, het prof. Janse van Rensburg op grond van prosedurele foute deur die kommissie gemaak, geappèlleer en is sy appèl gehandhaaf.

'n Tweede onafhanklike Tugliggaam is deur die Ring aangewys (almal lede van buite die Vrystaat); gesprekke is met die klaer en die aangeklaagde gevoer en op 29 en 30 April 2025 is 'n volledige verhoor met getuies in Pretoria gehou. Die Kerkraad het 'n getuigskrif ter ondersteuning van ds. Lubbe by die Tugliggaam ingedien, en oudl. Marius Swart het ds. Lubbe tydens die verhoor bygestaan. Die bevinding van hierdie Tugliggaam is op 12 Mei bekendgemaak, en per brief ook aan die Kerkraad deurgegee, naamlik dat ds. Jan Lubbe onskuldig is op al drie klagtes van leerdwaling. Die Kerkraad het die volledige uitspraak van die Tugliggaam ter insae gehad.


**Kantoor**
☎ 051 436 2750 ✆ 073 180 3193

h/v Albrecht- en Genl. Hertzogstr.
Dan Pienaar, Bloemfontein

Posbus 28048
Danhof, 9310

**Leraars**
Ds. Jan Lubbe ✆ 082 784 9362
✉ janlubbe1964@gmail.com
Ds. Johan Marais ✆ 084 517 8052
✉ johannmarais@bergendalkerk.co.za
Ds Janke Hurter ✆ 078 894 9166
✉ jankehurter@bergendalkerk.co.za

**Skriba**
Denise Louw
✉ kantoor@bergendalkerk.co.za
**Kassier**
Marthina van Zyl
✉ finansies@bergendalkerk.co.za
**Terreinbestuurder**
Pieter Wilken
✉ terrein@bergendalkerk.co.za

Hoewel die klaer weereens die reg het om appèl teen hierdie bevinding aan te teken, het die Kerkraad tydens ‘n gewone vergadering op Sondagaand, 18 Mei 2025, as volg hieroor besluit:

Die Kerkraad van Berg-en-Dal,

1. neem kennis van die proses gevolg en die bevindinge gemaak deur ‘n Tugliggaam van die Ring van Bloemfontein-Noord in hul ondersoek na die klag van leerdwaling deur prof. Johan Janse van Rensburg teen ds. Jan Lubbe;

2. die Kerkraad is dankbaar daaroor dat die beskuldigings van leerdwaling teen ds. Lubbe ongegrond bevind is;

3. die Kerkraad spreek sy volle vertroue uit in al drie leraars van die gemeente se Woordbediening en hul verkondiging van die heilsweg soos in ons belydenisskrifte vervat; en

4. die Kerkraad keur enige vorm van verdagmaking van medegelowiges af wanneer daar ‘n onderlinge meningsverskil oor teologiese sake mag ontstaan, en roep lidmate en leraars op om dié Weg te volg wat vir ons in die Skrif rakende die negende gebod oor “valse getuienis” en die uitleg daarvan in die Heidelbergse Kategismus (Sondag 43) aangewys is, asook in Matteus 18 en soos uiteengesit in toepaslike Kerkordelike bepalinge hieroor.

Met agting, en ‘n opregte bede dat ons as gemeente van Berg-en-Dal en ons Kerkraad, ons opnuut aan die vervulling van ons roeping in Bloemfontein en in ons breër kerkverband sal kan toewy.

**Ds. Johan Marais (VDM)**
**Voorsitter: Kerkraad**
**18/5/2025.**